# 28 Oktober 2023 - Lesing 161 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Valse geeste - Valse profete – 29/9/60

**NO: 7714** Ek kies julle daarom as My dienare omdat Ek sien dat die wil in julle goed en sterk is, **dat julle julleself handhaaf as dit daarom gaan om die waarheid uit te dra.** Want daar word vir die mense baie as waarheid aangebied wat tog nie van My afkomstig is nie. En as 'n kneg dit insien, dan mag hy dit nie swygend toelaat nie, **maar moet spreek**. **Hy moet teenoor hierdie dwaling die suiwere waarheid stel.** Hy moet dan laat sien dat hy My verteenwoordiger op aarde is, dat hy in My diens staan.

Hy moet dus My Naam in die openbaar bely. Hy moet **volledig instaan** vir dit wat hy self van My ontvang het, **omdat Ek hom uitgekies het om as My dissipel in die eindtyd vir My werksaam te wees**. En aan wie Ek dan hierdie amp opgedra het, die sal Ek ook die krag gee om in My Naam te spreek. Hy kan dan as **apostel van die waarheid** optree en My teenstander ontmasker, - wie self ook sy werktuie uitgesoek het **om in My geledere verwarring te stig.**

En verneem daarom wat My Gees aan julle verkondig: Die tydspan tot die einde is nog maar kort - en die dag van die einde is sedert ewigheid vasgestel. En waar julle mense julleself ookal bevind, julle sal almal die einde wat op hande is, verneem, omdat Ek nou heel **duidelike tekens** laat volg wat oral waargeneem sal kan word en wat die gedagtes van die mense ook besig sal hou.

Dog juis hierdie tekens sal die mees teenstrydige menings uitlok, omdat ook hier die invloed van My teenstander aan die lig sal kom, waardeur die gedagtes van die mense in verwarring sal raak.

Want die een sal die ander nie meer begryp nie en 'n ieder sal ander opvattings hê en ander doele nastreef, wat hy nie sal wil opgee nie. Slegs weiniges sal geestelik ontwaak wees en die regte gevolgtrekkings maak.

Dan sal daar baie valse profete opstaan en juis hulle is dit waarteen Ek julle wil waarsku, **sodat julle nie elke gees glo wat homself aan julle kenbaar wil maak nie**. Dat julle dan in die besonder hulle nie glo wat die einde verloën en wat meen dat 'n einde van hierdie aarde nie met My Liefde in ooreenstemming te bring is nie.

Wees dan op julle hoede en vra My ernstig om die waarheid te stuur. **Glo nie elke gees** wat homself probeer openbaar deur mense wat hom gewillig is, maar **vergelyk elke leer met My Woord wat uit die hoogte tot julle klink**, omdat julle mense in die waarheid moet wandel, want alleen deur die waarheid bereik julle jul doel.

Julle het baie geeste onder julle wat nie in My opdrag spreek nie. Maar julle kan hulle herken en wel daaraan: Dat hulle die einde bestry, dat hulle aan die openbaringe wat 'n nabye einde verkondig aanstoot neem - **en dat hulle vyandig staan teenoor hulle wat die eindtyd verkondig**.

Die tyd is vervul en juis in die eindtyd sal nog baie valse profete optree en die suiwer waarheid uit My probeer weerlê. Hulle sal ook **ongewone dinge verrig** sodat julle mense in hulle kan glo.

Maar dit is nie My Gees wat uit hulle spreek nie en dit is nie My krag wat in hulle werk nie. Dit is die **antikragte** wat oral woed en wat as aanhang van My teenstander ook met sy krag toegerus is, omdat hulle van hom afhanklik is en volgens sy wil op die mense van hierdie aarde inwerk.

Daarom moet ook julle wat My wil dien trou bly aan julle Meester en die waarheid verdedig. **Julle mag julleself nie van die waarheid laat afbring nie**, want julle weet tog dat julle in My Naam spreek en julle sal ook van My die krag ontvang, - want Ek spreek Self deur julle.

En oral waar My ware evangelie deur julle verkondig sal word, **daar moet ook van die einde van hierdie aarde getuienis afgelê word** en ook daarvan, - dat die mense kort voor die einde staan en dat hulle hulself daarop moet voorberei. En waar julle toespreking afwysing ondervind, sal julle ook duidelik die inwerking van My teenstander herken.

Van diegene wat voorgee om My dienare te wees, maar wat egter die nabye einde verloën, moet julle julleself afwend en nie daarmee saam predik nie. Want hulle is nie My verteenwoordigers nie, - maar **afgesante van Satan**, wat heel in die besonder daar werksaam sal wees waar die lig van die waarheid die baan breek.

Dog sal hy nie slaag om die lig te verdoof nie, **want Ek straal dit Self na die aarde toe**. Dit sal die harte van Myne verlig, sodat hulle dit duidelik sal herken dat hul Vader hulle aanspreek, **Wie die LIG van Ewigheid is**. Amein.

*2 Petrus 2:1 MAAR daar was ook **valse profete** onder die volk, net soos daar onder julle **valse leraars** sal wees wat **verderflike ketterye heimlik sal invoer**, en ook **teen die Meester** wat hulle gekoop het, **getuig** en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;*

*2 en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die **Weg van die Waarheid** gelaster word;*

*3 en uit **hebsug** sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie.*